
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

DIE NAG IS SO HELDER SOOS DIE DAG

Toe ek jonger was het ek die gedagte gehaat dat die daglig sou verdwyn en dat ek bed toe moes gaan. Soos ek ouer geword het, het die aande en dalende dag aantrekliker vir my geraak.

Ek vind nou 'n stille afsondering in die donker, wat my toelaat om my volle aandag aan die Here te skenk.

God is die Een wat die nag geskape het vir ons om te slaap en te herstel. Hoewel ons elke nag slaap nodig het en geen beheer het oor wat gedurende daardie ure gebeur nie, bewaar die Here ons want Hy sluimer of slaap nooit nie (Ps. 121:3-4). Sy werk hou nie op wanneer ons ons oë toemaak en oorgee aan die nag.
Net soos ons fisiese oë nie kan sien wat in die donker gebeur nie, voorkom ons menslike beperkings dat ons nie kan sien wat die Here in die geeslike ryk doen nie. Ons Vader openbaar egter aan ons wat Hy wil hê dat ons moet weet – die Bybel gebruik die woord verborgenheid om iets te beskryf wat verborge was en nou aan die lig gebring word. Let op die volgende skriftuurlike verhale wat wys wat God vermag het terwyl meeste mense aan die slaap was.

Van slawerny na Vryheid. Die belangrikste nag in Israel se geskiedenis is aangeteken in Exodus 12:1-36. Terwyl Sy volk in slawerny in Egipte was, het God in die donkerte van die nag ingegryp om verlossing te bring. Terwyl die Egiptenare aan die slaap was, het die Here deur die land beweeg en elke eersgebore mens en dier in die land dood gemaak. Die enigste uitsondering was die Israelite wat God gehoorsaam het en hul deurposte met die bloed van 'n vlekkelose lam gemerk het. In een nag het die Here die hele volk bevry en hulle uit Egipte gebring en het hulle Sy eie eiendom geword.

Van Gevangeniskap na Herstel. Met tyd het die kinders van Israel die land, wat God beloof het, ingegaan en 'n onafhanklike nasie geword. Hulle het egter aanhoudend van die Here af weg beweeg totdat hulle uiteindelik die gevolge van hul afgodery gedra het en as gevangenis na Babilon geneem is. Maar God het hulle nie in die steek gelaat nie.

In een nag het God die hele nasie bevry en hulle uit Egipte gebring om Sy eie persoonlike besitting te wees.

Een aand het die Babiloniese koning pret gemaak en die Here bespot; 'n hand het skielik verskyn en 'n boodskap teen die muur geskryf (Dan. 5:1-31). Daniel het die woorde verklaar wat gesê het: **"God het u koningskap getel en daar 'n einde aan gemaak ... u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind ... u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee" (v. 26-28).** Daardie selfde nag het die Persiese weermag Babilon binne gegaan, die koning dood gemaak en die stad oorgeneem. Die Joodse gevangenis het nie besef dat God, in een nag, die deur oop gemaak het vir hulle om hulle na hul eie land terug te herstel nie. Gedurende die eerste jaar van sy regering het die Persiese koning die Jode bevry om weereens na hul vaderland terug te keer.

Van Afwagting na Hoop Vervul. Alhoewel die Israelite nou in hulle eie land was, was hulle nie volkome vry nie, want verskillende Heidense koninkryke het aanhoudend oor hulle geheers. Hulle grootste hoop was dat hulle Messias gou sou kom om hulle te bevry. Weereens, terwyl meeste mense in Betlehem vas aan die slaap was, het God in die aarde se sake ingegryp (Luk. 2:1-20). In 'n donker stal, het die Messias, as 'n klein hulpelose nuut geborene die wêreld binne gekom. Van al die nagte tevore, was hierdie die heel belangrikste. Hierdie suigling Messias was die Seun van God, wat die hemel verlaat het en menslike vlees aangeneem het om saam met die mensdom te woon en die Redder van die wêreld te word.

Tyd het verby gegaan en soos Jesus opgegroei het tot volwassenheid, het Hy begin leer en wonderwerke gedoen as bewys dat Hy die Messias was. Die Joodse leiers was egter huiwerig om Hom te aanvaar. Een nag het Nikodemus, 'n prominente Fariseër, na Jesus gekom met sy vrae (Joh. 3:1-21). Daar in die donker het Jesus Christus verduidelik dat Hy deur Sy Vader gestuur is sodat die wêreld deur Hom gered kon word. Niemand kan ooit verlossing verkry deur te probeer om goed genoeg te wees nie, maar slegs deur geloof in Jesus.

Die een wat nooit gesondig het of van die Vader geskei was nie, sou gou die sondes van die wêreld dra.

Die Joodse leiers se vyandigheid teenoor Jesus het aanhoudend toegeneem, omdat Hy nie aan hulle verwagtinge van die Messias voldoen het nie. Rerwyl Judas, een van Jesus se eie dissipels, ook ontnugter geraak het en besluit het om Hom te verraai aan die godsdienstige leiers (Joh. 13:21-30). Gedurende die Paasfees viering met Sy dissipels het Jesus vir Judas gesê: "Wat jy doen, doen dit haastig" en "het hy dadelik uitgegaan. En dit was nag" (vv. 27, 30). Judas het nie geweet dat God sy verraad sou gebruik om die proses te begin wat Jesus aan die kruis sou plaas en die verlossing vir die mensdom sou bring nie.

Nadat Judas hulle verlaat het, het Jesus en Sy ander dissipels in die donker na die Olyfberg gestap (Matt. 26:36-46). Daar in 'n tuin, het Hy met Sy Vader gepleit en gesê: **"My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil" (v. 39).** Die een wat nooit sonde geken het of van Sy Vader verwyder was nie, sou baie gou die sondes van die wêreld dra. Alhoewel Jesus vir die ondervinding bang was, het Hy Hom aan die Vader onderwerp, omdat daar geen ander manier was om die sondige mensdom te red nie. Binne 'n paar ure het ons Here aan 'n kruis gehang, ondraagdlike pyn, vernedering en bespotting verduur (Matt. 27:33-51).

Vir drie ure gedurende die dag het duisternis oor die land gekom, toe Jesus die oordeel van die Vader vir die mensdom se sondes gedra het. Toe het Hy uitgeroep: **"Dit is volbring!" (Joh. 19:30).** Die volmaakte Lam van God het die prys vir sonde betaal, sodat almal wat in Hom glo regverdig (verklaar nie skuldig) kan wees en die ewige lewe ontvang. Niemand van ons begryp werklik wat in die donkerte van daardie dag gebeur het nie of wat Jesus vir ons gely het, sodat ons gered kon word van 'n ewigheid in hel, geskei van God. Al wat ons kan doen is om te glo, volkome oor te gee aan Christus en Hom te dank vir ons redding.

Terwyl die wêreld geslaap het, het God Sy Seun uit die dood opgewek.

Die dissipels was desperaat na Jesus se dood. Waarom het God die Messias laat sterf? Nou het dit gelyk asof daar geen koninkryk en geen heerlikheid sou wees nie. Jesus is begrawe en daar was geen hoop meer nie. Tog in die donkerte van die vroeë Sondag oggend het 'n wonderwerk gebeur (Matt. 28:1-2). Toe 'n paar vrouens by die graf kom het hulle ontdek dat dit leeg was. Terwyl die wêreld geslaap het het God Sy Seun opgewek.

Uit die koninkryk van hierdie wêreld na die Koninkryk van God. Die glorieryke koninkryk wat die dissipels begeer het om te sien sal eendag kom, na die donkerste tydperk van verdrukking in die wêreld geskiedenis. In daardie tyd, **"sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie ... en** [dan sal almal] **die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid (Matt. 24:29-30).**

Regdeur die menslike geskiedenis, het die Here die wonderbaarlike in die donkerte van die nag uitgevoer. Daar sal tye wees wanneer ons nie sal verstaan wat God besig is om te doen nie of voel dat ons lewens verswelg word in die donkerte van wanhoop, moeilikheid of lyding. Tog selfs dan het ons die versekering dat net soos Hy gewerk het om Sy volmaakte wil regdeur die geskiedenis te verkry, so werk Hy ook in ons donkerheid om Sy goeie doel in ons lewens te volbring. Wanneer die lewe raaiselagtig voel, moet ons net onthou dat vir God: **"die nag lig gee soos die dag" (Ps. 139:12).** Hy sien en niks is buite Sy beheer nie.

Skatkis

"Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie" (Luk. 1:37).

God het alles wat bestaan geskape, van natuurlike wette tot die geestelike gebied asook die fisiese skepping! Regdeur die Skrif sien ons hoe Hy herhaaldelik omstandighede omdraai wat ons natuurlike denke nie kan begryp nie. Voorbeelde soos daaglikse voorsiening van voedsel in 'n woestyn, die see wat skei sodat die Israeliete van die Egiptenare kon ontvlug. God het weermagte vernietig wat teen Sy volk geveg het en geboorte gegee aan 'n nasie, uit 'n man wat te oud was om 'n vader van kinders te wees.

Ons Verlosser is uit 'n maagd gebore. Hy het water in wyn verander, geld vir belasting uit die vis se bek voorsien, siekes genees en dooies opgewek! Daar is nog ontelbare meer wonderwerke uit die Skrif asook uit ons eie lewens waar ons die wonderwerkende hand van God in werking gesien het in onmoontlike omstandighede. Laat ons dus vandag en elke daarop volgende dae al ons vertroue in Jesus stel! Hy ken ons omstandighede en ons kan volkome op Hom vertrou om die pad wat vir ons gemaak is te loop. Ons oë moet op Hom gerig wees en al ons gedagtes en gevoelens moet rus op "God het dit gesê en ek glo dit"! Hy sê van Homself dat Hy die God is wat 'n weg maak al is daar nie een nie".

"Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie" (Rom. 10:11).

UIT ONS KANTOOR

Geliefde,

God het aan Abraham gesê: “Sarai, jou vrou, moet jy nie Sarai noem nie, maar haar naam sal Sara wees” Gen.17:15

Tyd vir 'n Naams Verandering.

Sarai was vir negentig jaar kinderloos toe God haar beloof het dat sy en Abraham 'n seun sou hê. Hy het ook haar naam na Sara verander, wat “prinses” beteken. As enigiemand nie soos 'n prinses of spesiaal gevoel het nie, kon dit Sara gewees het. Sy kon gesê het: “Ek sal nooit 'n baba hê nie. Noem my net Sarai, ek is nie 'n prinses nie.” Toe sy egter die naams verandering aanvaar het, het sy gesê: “Dit lyk onmoontlik, maar as God sê dat ek 'n prinses is, het ek 'n ooreenkoms met Hom.” Sy het begin glo, dit is wanneer iets binne-in ontwaak, en God die belofte laat gebeur.


Het jy toegelaat dat omstandighede in jou gesondheid, of jou finansies, of 'n verhouding vir jou gesê het wie jy is? Het jy negatiewe gedagtes toegelaat om jou as 'n mislukking, nie goed genoeg of slim genoeg te bestempel? God verander jou naam na geseënd, voorspoedig, gesond, vergewe, verseker, koninklik, 'n kind van die Allerhoogste God. Doen nou jou deel en hou aan om jouself te noem wat God jou noem. Jy sal word wat jy glo.

Laat ons saamstem:
“Vader, dankie dat dit wat onmoontlik lyk altyd vir U moontlik is. Dankie dat U my koninklik gemaak het en my gekroon het as geseënd, verlos en vergewe. Ek glo dat U my 'n nuwe naam gegee het en ek word wat U sê dat ek is. In Jesus se Naam, Amen.

Hoe wonderlik om te weet dat ons geseënd en geliefd in God is en dit is ons gebed vir elkeen van julle. Baie dankie vir julle liefde en ondersteuning, daarsonder sal ons nie kan voortgaan nie. Vrede en liefde vir elkeen van julle.

Liefde groete

Meg Van Zyl en die Gebedspan



MEDITATING ON GOD'S WORD

By Pastor David Gericke

Meditate (Hagah)

Ps 1:1 Blessed is the man who walks not in the counsel of the ungodly, Nor stands in the path of sinners, Nor sits in the seat of the scornful; 2 But his delight is in the law of the Lord, And in His law he meditates day and night. 3 He shall be like a tree planted by the rivers of water, That brings forth its fruit in its season, Whose leaf also shall not wither; And whatever he does shall prosper. 4 The ungodly are not so, But are like the chaff which the wind drives away. 5 Therefore the ungodly shall not stand in the judgment, Nor sinners in the congregation of the righteous. 6 For the Lord knows the way of the righteous, But the way of the ungodly shall perish.

This is one of my favourite Psalms. What is amazing is that this is the first Psalm in the Psalter, I personally feel this is the whole book of Psalms in a nutshell.

What I would like to share with you is verse 2- But his delight is in the law of the Lord, And in His law he meditates day and night.

This is both a challenge and an encouragement to us to "meditate" … on God's Word. In Hebrew the word meditate is hagah (haw-gaw) which means mutter or to make a sound.

I know too often we think that meditation is listening to soft music, curled up in our favourite chair drinking our favourite beverage, milling over our favourite scripture! As nice as this sounds and there is nothing wrong with doing this, it is not what the Bible regards as meditating on God's Word.


In verse 3 it says "He shall be like a tree Planted by the rivers of water" That brings forth its fruit in its season, whose leaf also shall not wither; And whatever he does shall prosper". Every time I went to Israel and saw the old cities that were around during the time of Jesus, and visited the old synagogues, I often saw a Date Palm carved on both sides of the entrance to the structure. The Date Palm stands for Righteousness. It grows up straight and tall, its branches are large and give shade and protection to the nesting birds and just under the crown is where the fruit hangs in clusters. Its roots go deep and when the strong desert winds blow the Date Palm does not move! In that dry and thirsty land the Date Palm stands immovable!

So as we meditate, speak out, think upon as we mutter, we are speaking and proclaiming Truth over ourselves and those around us! It's speaking out God's Word in every situation! Memorizing the Word to be part of your speech, lives and Heart! Heb 4: 12 For the word of God is living and powerful, and sharper than any two-edged sword, piercing even to the division of soul and spirit, and of joints and marrow, and is a discerner of the thoughts and intents of the heart. The writer of Hebrews is showing us what God's Word can do for us in our inner man. Once we are strong in the Word (Rooted) that Word then becomes the Sword of the Spirit by which we fight the good fight of faith! That same Word will become a lamp unto our feet, illuminating the Way, the Truth, and the Life. God's Word will be stunted and become ineffective if not used and spoken the right way! For God's Word to work in our lives it needs to be planted in the heart, it needs to be watered by God's Holy Spirit, and then…. Acted upon, alive in our lives, so that we will produce the fruits of Righteousness! To meditate on God's Word is an active, determined purpose to know God and His Word and not just a warm fuzzy feeling.

Josh 1: 8 This Book of the Law shall not depart from your mouth, but you shall meditate in it day and night that you may observe to do according to all that is written in it. For then you will make your way prosperous, and then you will have good success. 9 Have I not commanded you? Be strong and of good courage; do not be afraid, nor be dismayed, for the Lord your God

is with you wherever you go." This is a wonderful scripture and story. Joshua was facing a huge battle and to test his leadership and walk with the Lord. How did God encourage him? "… but you shall meditate in it day and night, that you may observe to **do** according to all that is written in it". Like Joshua, we should know in our hearts and minds what God's commandments, statues, plans and purposes are and to know His promises and His love! "But without faith it is impossible to please Him, for he who comes to God must believe that He is, and that He is a rewarder of those who diligently seek Him." (Heb 11:6) We must believe that He IS, and that He is a REWARDER! This is where faith starts or ends, our actions speak louder than our words! If things are not working out for you, you may need to re-plough the soil of your heart, so that God's Word can be planted and received. Meditate on His Word and only His Word! Lay some of those other books down, pick up the Word and let it do its work in you! "Be strong and of good courage; do not be afraid, nor be dismayed, for the Lord your God is with you wherever you go." Joshua had to put this word into action, it must have sounded strange to him to march around Jericho saying nothing, then on the seventh day to shout and sound the shofar! I'm sure there were moments when the people would challenge him and tell him how silly and stupid they all looked to the inhabitants of Jericho. Joshua had heard God's Word and he would not deviate from it… God did the rest!

"Every place that the sole of your foot will tread upon I have given you…" (Josh 1:3) this is the promise that Joshua held onto through his conquest of Canaan. And I would like to encourage you with the truth of this verse, that as we meditate on God's Word, renew our mind and walk in His ways, He will give us the victory and ability and strength to overcome!



THE FOLLOWING **AUDIO BOOKS** ARE NOW AVAILABLE ON OUR WEBSITE

(Click to view)

‘n Suksesvolle Huwelik
Bybelse Antwoord oor Genesing
Besluite
Die Krag van Vergifnis
Die egte en die misleide Christelike Kerk
Die Naam van ons God
Goddelike Wysheid vir die Mens
Die Feestye van die Here
Ken Jou Vyand
Die Tweesnydende Swaard
God Eis ‘n Heilige Lewe
Hoe belangrik is die Ou Testament
Getuienisse—Volume 1
Die Bybel en siektes
Geloof soos n Mosterdsaad
Paulus se doring in die vlees
Hoe moet ek Bid
Israel of Ishmael
Geloofsbrood vir die Somer
Hoe kan ek verlos word van vrees?
Die Vrou na God se Hart
Stap vir Stap
Slaankrag in Lofprysinge
Vanaf Eden tot by die Kruis
Vas en Gebed
Wat is die gevare oor Karate
Wat is die New Age

Baie groot dankie

Ons bly verstom en ewig dankbaar vir wat ons Hemelse Vader in ons midde doen. Hy is meer as genoeg en onderhou Sy werk soos ons onsself beskikbaar stel.

Dankie aan elkeen van julle vir julle donasies, dit is ‘n seën vir so baie. Mag julle op elke gebied oorvloedig geseën word.

Liefdegroete
Meg van Zyl en die span

Bankbesonderhede:
Stanger Christelike Sentrum
FNB
acc 53730091667
tik: huidige/tjek
tak: 220129